higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 4

16 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Studentevisum
1.1.2 Sakevisum
1.1.3 Deurgangsvisum
1.1.4 Sakevisum
1.1.5 Toeristevisum
1.1.6 Terugkeervisum (‘re-entry visa’)
1.1.7 Deurgangsvisum
1.1.8 Studentevisum
1.1.9 Toeristevisum
1.1.10 Terugkeervisum (‘re-entry visa’)

(10 × 1) (10)

1.2
- Paspoort
- Retoervliegkaartjie
- Reisplan met datums en vlugnommers
- Bewys van voldoende fondse vir duur van verblyf
- Bevestigde hotelbespreking
- ’n Amptelike sakebrief indien persoon vir sakedoeleindes reis
- Bewys van indiensname
- ’n Studentereisiger moet ’n brief van skool, kollege of universiteit voorlê om bywoning te bewys.
- Bank- en kredietkaartstate vir drie maande
- Persoonlike onderhoud (indien vereis)
- Gesertifiseerde toestemming van albei ouers vir reisigers jonger as 18 jaar

(Enige 10 × 1) (10)

1.3 1.3.1
- Botswana
- Namibië
- Lesotho
- Swaziland
- Zambië
- Malawi

(6 × 1) (6)

1.3.2 ’n Buitelandse paspoort is ’n paspoort wat deur ’n buitelandse land aan een van hul eie burgers uitgereik word. (1 × 2) (2)

1.3.3
- Geen reisagent mag ’n aansoekvorm namens ’n kliënt onderteken nie.
- Indien hulle dit onderteken, sal die dokument as onwettig geklassifiseer word en sal reisigers dit nie kan gebruik om die land binne te kom of te verlaat nie.
- Vervalsing van ’n handtekening is ’n strafregtelike handeling en die ondertekenaar sal aanspreeklik gehou word.
- Deur die dokument te onderteken, aanvaar die reisagent bepalings, voorwaardes en aanspreeklikheid wat op die dokument gestipuleer word.

(Enige toepaslike 3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

1.3.4
- As kinders by hul paspoorte gevoeg word
- Verandering in huwelikstatus
- Verandering in beroep
- Verandering van naam
- Verandering van godsdiens (Enige 5 × 1) (5)

1.3.5 Dit maak toegang tot talle Europese lande moontlik. (1)

1.3.6
- België
- Denemarke
- Ysland (3 × 1) (3)

[40]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 'n Sportgeleentheid (1 × 2) (2)

2.1.2 Krieketwêreldbeker 2003
Die Wêreldspitsberaad oor Volhoubare Ontwikkeling 2002
Sokkerwêreldbeker 2010 (Enige toepaslike 2 × 1)

Voordele:
- Suid-Afrika het groter getalle toeriste van ander lande gelok.
- Geld is in Suid-Afrikaanse ondernemings uitgegee.
- Poste is regstreeks en onregstreeks geskep.
(Enige toepaslike 1 × 1) (3)

2.1.3 Hulle het die regte infrastruktuur en geriewe om die byeenkomste aan te bied. (Enige toepaslike 1 × 2) (2)

2.1.4
- Gebou se uiterlike
- Vergader- en funksielokale
- Lokale vir uitstallings en spesiale geleenthede
- Openbare toilette
- Openbare areas
- Permanente eetsaalfasiliteite
- Voedsel- en drankdienste
- Huishouding (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

2.1.5
- Vlak van professionalisme
- Spoed van dienslewering
- Gehalte van kommunikasie (3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

2.2
- Verskaf werk-, aanleg- en masjineriestelsels wat veilig is en geen risiko's vir gesondheid inhou nie en hou dit in stand.
- Doen stappe om enige gevaar of potensiële gevaar vir die veiligheid of gesondheid van werknemers te elimineer of te verminder voordat daar van persoonlike beskermende toerusting gebruik gemaak word.
- Tref reëlings om die veiligheid en afwesigheid van risiko's vir werknemergesondheid te verseker wat die produksie, verwerking, gebruik, hantering, berging of vervoer van artikels of substanse betref.
- Stel vas watter risiko's of gevare enige werk wat uitgevoer word vir die gesondheid en veiligheid van mense inhou.
- Verskaf die inligting, opdragte, opleiding en toesighouding wat nodig is om die gesondheid en veiligheid van werknemers by die werk te verseker.
- Laat geen werknemer toe om enige werk te verrig of enige artikel te vervaardig, gebruik, hanteer, berg of vervoer tensy voorsorgmaatreëls getref is nie.
- Tref alle nodige maatreëls om te verseker dat die regsvereistes nagekom word deur elke persoon in diens of op die perseel onder hul beheer.
- Dwing maatreëls af wat in belang van gesondheid en veiligheid nodig kan wees.
- Verseker dat werk verrig en masjinerie gebruik word onder die algemene toesig van 'n persoon wat opgelei is om die risiko's te verstaan en die gesag het om te verseker dat voorsorgmaatreëls in werking gestel word.
- Verseker dat alle werknemers oor die omvang van hul gesag ingelig is.

(Enige toepaslike 5 × 2) (10)

2.3
- Wet op Rampbestuur
- Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde
- Noodbestuursdienste
- Brandveiligheid
- Drankwet

(5 × 1) (5)

2.4
2.4.1 Uitstallings/Konserte/Musiekfeeste/ Konferensies
2.4.2 Sokker/Rugby/Atletiek
2.4.3 Wynproe/Troues/Verjaarsdae
2.4.4 Uitvoerende en beeldende kunste
2.4.5 Motorresies
2.4.6 Skoonheidswedstryde/partytjies/troues
2.4.7 Krieket
2.4.8 Troues/ekspo's/konferensies/binnenshuise sportsoorte
2.4.9 Sokker/rugby/atletiek
2.4.10 Musiekkonserte/uitstallings/konferensies

(Enige toepaslike 10 × 1) (10)

[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 60 km
3.1.2 120 km
3.1.3 linker
3.1.4 geldige bestuurderslisensie
3.1.5 internasionale bestuurderslisensie
3.1.6 2 uur
3.1.7 Alkohol
3.1.8 passasiers
3.1.9 selfoon
3.1.10 regter (10 × 1) (10)

3.2 3.2.1 Prostitusie – Suid-Afrikaanse strafreg bepaal dat prostitusie onwettig is. Besoekers wat betrap word dat hulle sodanige aktiwiteite beoefen, sal vervolg en in ’n geregshof verhoor word.

3.2.2 Verkoop van dwelmmiddels of narkotika – niemand word toegelaat om dwelmmiddels aan enige lid van die publiek te verkoop of te voorsien nie. Enigiemand wat betrap word dat hulle onwettige middels gebruik of verkoop, sal in hegtenis geneem en voor die hof gebring word.

3.2.3 Moontlike gevolge van dronkbestuur – bestuurders moet bewus wees van die wetlike beperkings op bestuur nadat alkohol verbruik is en dit nakom. Enigiemand wat betrap word wat onder die invloed van drank bestuur of wat geïntoksikeerd is, sal in hegtenis geneem en voor die hof gebring word.

3.2.4 Vrywaringsvorm – Kliënte wat aan avontuuraktiwiteite deelneem, moet ’n vrywaringsvorm onderteken wat bepaal dat die maatskappy wat gevaarlike aktiwiteite organiseer nie vir besering, skadevergoeding of dood van die toeris aanspreeklik gehou kan word nie. (Enige toepaslike 4 × 2) (8)

3.3 3.3.1 Vloed (1)

3.3.2 Dit is ’n natuurramp omdat dit nie deur mense veroorsaak is nie. Hierdie soorte rampe word as natuurlik geklassifiseer. (1 + 1) (2)

3.3.3
- Brande
- Tsoenami’s
- Orkane
- Aardbewings
- Tornado’s (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

3.3.4 Toeriste wat reeds by hul vakansiebestemming is wanneer ’n ramp gebeur, kan vasgekeer wees en nie in staat wees om huis toe te gaan nie. Diegene wat bespreek het en wat nog moet aankom, word gedwing om hul besprekings te kanselleer. (Enige toepaslike 2 x 1) (2)

3.3.5
- Oorlog of bedreiging van oorlog

- Onluste
- Burgerlike onenigheid
- Terroristebedrywigheid of bedreiging van terroristebedrywigheid
- Nywerheidsgeskil
- Natuurramp
- Kernramp
- Ongunstige weerstoestande
- Brand (Enige toepaslike 8 × 1) (8)

3.3.6
- Hulle kan kwaad word.
- Hulle kan alternatiewe diensverskaffers gebruik.
- Hulle kan vir andere van die swak diens vertel.
- Hulle kan weier om te betaal. (Enige toepaslike 4 x 1) (4)

[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Om hulle te beskerm en te verhoed dat hulle deur gevaarlike wilde diere aangeval word asook om die diere teen menslike ingryping te beskerm.

4.1.2 Sekere voedselsoorte kan skadelik vir die diere wees. Diere sal altyd kos van besoekers verwag en gewelddadig raak as hulle nie gevoer word nie.

4.1.3 Sigaretstompies kan brand veroorsaak, wat die park kan vernietig en die diere se lewe in gevaar kan stel.

4.1.4 Dit is onwettig om diere sonder spesiale toestemming te jag. Dit sal die park vernietig, omdat daar geen diere vir bewaring sal oorbly nie.

4.1.5 Dit kan skadelik vir sowel besoekers as diere wees. Diere val aan wanneer hulle bedreig voel. Sommige diere en plantegroei kan vertrap word wanneer besoekers deur die veld ry.

(Enige toepaslike 5 × 2) (10)

4.2 A – Lewer bewys van jou bespreking.
B – Verskaf bewys van jou identiteit.
C – Kontroleer of die besprekingbesonderhede korrek is.
D – ’n Sitplek word aan jou toegeken.
E – Die bagasie word ingeboek.
F – Groot bagasie-items word geëtiketteer.
G/H – Die instapkaart word oorhandig/Bagasie wat nie geweeg word nie, word as handbagasie aan boord geneem.
I – Beweeg na die sekuriteitsbeheerpunt.
J – Passasier en handbagasie word geskandeer.
K – Jy beweeg deur doeane.
L – Paspoort en visums word gestempel.
M – Beweeg na die waggebied.
N – Instaptoonbanke word oopgemaak, en jy word versoek om aan boord te gaan.
O – Jy wys vir lugdienspersoneel jou instapkaart.

Kopiereg voorbehou

P – In die vliegtuig word jou sitplek aangedui.

(16 × 1) (16)

4.3 4.3.1

- Internet is 'n uiters waardevolle bron van inligting in die toerismebedryf.
- Die meeste prinsipale het hul eie webtuiste waar hulle hul produkte bemark.
- Hardekopiegidse is ook 'n goeie bron van inligting met kontakbesonderhede van groothandelverskaffers in die toeristebedryf. (3 x 1) (3)

4.3.2

- Toeroperateurs neem ook aan jaarlikse toerisme-uitstallings deel.
- Hulle vertoon prente en plakkate van die bestemmings wat hulle bied.
- Brosjures en besigheidskaartjies word onder besoekers versprei. (3 x 1) (3)

4.4

Voordele van groepreise	**Nadele van groepreise**
• Alle reëlings word vir die reisiger getref.	• Die beplande aktiwiteite kan vermoeiend wees of nie in elke persoon se smaak val nie.
• Aktiwiteite, maaltye, akkommodasie word alles vooraf beplan	• Mense in die groep kom dalk nie met mekaar oor die weg nie.
• Reisigers is dikwels veiliger in 'n groep.	• Planne kan nie verander word nie.
• Spesiale reëlings word dikwels vir groepe getref.	• Dit kan duurder wees as die groep in hotelle bly en in restaurante eet.
• Groepkortings is van toepassing.	• Daar is weinig vryheid omdat die reisplan gevolg moet word.

(Enige 4 + 4) (8)

[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 ’n Bestuurder hou toesig oor die maatskappy en is betrokke by doelwitstelling, langtermynbeplanning, die aanstel van personeel en hantering van kliëntprobleme wat die toergidse en operateurs nie kan hanteer nie.

5.1.2 ’n Administratiewe assistent is verantwoordelik vir algemene administratiewe take soos om oproepe te beantwoord, fotokopiëring en liassering.

5.1.3 Toerbeplanners stel toerpakkette saam, doen navorsing oor nuwe plekke om te besoek en nuwe dinge om te sien

5.1.4 Toergidse help die reisigers op begeleide toere en verskaf inligting oor besienswaardighede en bestemmings wat tydens die toer besoek word. Hulle beantwoord kliënte se vrae en hanteer enige probleme en krisissituasies wat op die toer kan voorkom.

5.1.5 Bemarkings- en verkoopsverteenwoordigers is verantwoordelik vir die verkoop van pakkettoere aan reisagente en ander toepaslike kleinhandelaars. Hulle woon uitstallings by en doen aanbiedings aan potensiële nuwe kliënte.

5.1.6 Die finansiële afdeling hanteer alle betalings en boekhouding om seker te maak dat die maatskappy finansieel gesond is. (6 × 2) (12)

5.2 5.2.1 Vlug SA851 ervaar tegniese probleme. –

- Tegniese probleme aan boord vereis lughawebystand.
- Die vlieënier moet onmiddellik versoek om na die naaste lughawe herroeteer te word vir ’n noodlanding.
- Tegniese foute kan daartoe lei dat die vliegtuig neerstort, en moet dus as noodgevalle gehanteer word.
- Indien daar ’n brandgevaar is, moet nooddienste in kennis gestel word en gereed wees as die vliegtuig land. (4 × 1) (4)

5.2.2 Vlug SA866 van Londen na OR Tambo kan nie land nie as gevolg van ’n hewige storm –

- slegte weerstoestande vereis spesiale sorg, veral vir die vliegtuig.
- Indien ’n vlieënier bewus word van swak weer wat landing moeilik of onmoontlik sal maak, moet die
- lugverkeerbeheersentrum ingelig word.
- As die situasie baie ernstig is, sal die vlieënier aangeraai word om elders te probeer land. (4 × 1) (4)

5.2.3 Mediese noodgeval –

- Lig die lughawepersoneel in.
- Die lughawe sal reël dat ’n ambulans gereed is vir die passasier wanneer hulle land. (2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou

5.3 5.3.1 ASATA – Vereniging van Suider-Afrikaanse Reisagenskappe ('Association for Southern African Travel Agencies')

5.3.2 TBRSA – Toerismebesigheidsraad van Suid-Afrika ('TBCSA') ('Tourism Business Council of South Africa')

5.3.3 SATSA – Suid-Afrikaanse Toerismediensvereniging ('South African Tourism Services Association')

5.3.4 SAARTG – Suid-Afrikaanse Vereniging van Geregistreerde Toergidse ('South African Association of Registered Tour Guides')

5.3.5 WGO – Wêreldgesondheidsorganisasie

(5 × 2) (10)

5.4

Goedere toegelaat met permitte	Goedere wat heeltemal verbied word
• Sekere plantprodukte	• Plofstowwe
• Diere en voëls	• Gifstowwe
• Sekere medisyne	• Outomatiese militêre wapens
• Bedreigde fauna en flora	• Narkotika

(4 + 4) (8)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou